DOEN EERSTE

Week 2

Saamgestel deur: Danie Lodder

MEMORISEER VERS

Rom 12:10–11 [nlv]
As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar in liefde koester en voor in die ry staan om mekaar met respek te hanteer. Moenie sleepvoet wees in julle toewyding.

DOEN EERSTE

Matt 7:12 [NLV] "Doen vir ander alles wat julle graag wil hê hulle vir julle sal doen. Dit is die kern van alles wat die wet en die profete van julle vra."

Ons antwoord in ons harte vandag die vraag: "Wat sal jy graag wil hê dat ander vir jou moet doen?"

Ons leef in 'n verbruikers georiënteerde wêreld. 'n Wêreld van: "Wat is in dit vir my?" In ons INVLOEDRYKE leefwêreld in die koninkryk van God kyk ons anders na ons leefwêreld. Dit is 'n leefwêreld wat na buite en ander kyk. Dit is 'n leefwêreld wat my daagliks uitdaag om, wanneer ek eerder op myself wil fokus en wag dat die lewe om my gebeur tot my eie voordeel, om Jesus se vraag gereeld aan myself te vra. Wat sal ek graag wil hê moet aan my gedoen word?

Om my eie selfgesentreerdheid te takel, begin ek vandag deur die vraag gereeld in my hart te beantwoord en dan daardie antwoord na ander te leef. Dit is lewensveranderend! Dit verander my hart van verbruiker na gewer en doener. Dit is hoe Christus geleef het. Hy het gedien en onselfsugtig Sy lewe gedeel met die mense om Hom.

Deur eerste te doen, skep ons nie alleen 'n ander atmosfeer om ons nie – ons raak lewens aan wat dalk in die donker van selfgesentreerde nood en angs vasgevang is. Daar is mense om ons wat nie hoop het en beslis nie die vermoë het om uitkomste en die dien van ander raak te sien nie.

Deur eerste te doen, begin ons 'n nuwe momentum van lewe. 'n INVLOEDRYKE lewe van liefde wat doen.

Wanneer jy wens dat iemand anders iets vir jou as mens moet doen, dan is Jesus se raad eenvoudig:

"doen eerste"

Gebed:

Vader, help my om my oë weg van myself en my eie begeertes te draai en U hart vir ander raak te sien en eerste te doen. Amen.

Liefde Doen:

Wie se lewe kan ek vandag raak?

INVLOEDRYK – LIEFDE DOEN

DOEN EERSTE

Luk 6:27 [nlv] Maar as julle gewillig is om te luister, sê Ek julle moet julle vyande liefhê. Doen goed aan dié wat julle haat. Seën dié wat julle vervloek. Bid vir hulle wat julle seermaak.

Die minder maklike pad is om na dié te kyk wat nie op my gunsteling lysie is nie. Dit is die mense wat ons kultuur ons leer om van weg te skuif, weg te stap van en op ons fone te blok en nie by stil te staan nie.

Deur 'n "doen eerste" kultuur aanpassing in my lewe te maak, begin ek eerste vir die wat nie op my gunsteling lysie is, te bid. Van die gebede kan sukkel met inhoud aan die begin. Soms wil ek in die gebedstye eerder oor hulle kla en aan die Here voorskryf wat Hy met hulle moet doen en hoe Hy hulle uit my lewe moet afsny.

Ons weet dat die Here in genade dit nie doen nie en dat as ons die fokus in die rigting van genade draai, begin Hy in ons harte werk tot voordeel van Sy koninkryk. Dan kan my lewe in die eerste plek getransformeer word om "die" mense deur God se oë te begin sien, om deur Sy liefde geraak te word. Ek word die draer in my binnekamer van God se genade. Daar waar ek vir "hulle" bid, word in die eerste plek my hart aangeraak. As my hart geraak word en my oë verander word en ek begin seën en bid vir "hulle" begin my leefwêreld God se veld word waar Hy INVLOEDRYK deur my lewe mense kan aanraak.

Dan kan ek uit my binnekamer begin beweeg na 'n gebroke wêreld om my en liefde doen.

Ek was vroeër bang om te misluk in iets wat regtig vir my saak gemaak het, maar nou is ek meer bang om sukses te behaal met dinge wat nie saak maak nie.

Gebed:

Here verander my hart sodat ek vir die mense op my nie-gunsteling lysie opreg kan bid. Begin vandag by my asseblief. Amen.

Liefde Doen:

Trek opreg jou "nie-gunsteling" lysie op en begin in jou binnekamer vir hulle bid, totdat jy hulle lewens met God se liefde kan begin aanraak.

INVLOEDRYK – LIEFDE DOEN

DOEN EERSTE

Luk 10:33–34 [nlv] "Toe het 'n veragte Samaritaan verbygekom, en toe hy die man sien, het hy hom innig jammer gekry. Die Samaritaan kniel toe langs hom, behandel sy wonde met medisyne, en verbind dit. Toe het hy die man op sy eie donkie gehelp en hom na 'n herberg geneem en daar verder versorg.

Om eerste te doen, moet ek teenwoordig (present) wees. Hierdie is werklik die verhaal van liefde sien, nie net raak, hand opsteek, is in die omgewing nie, maar doen

Jare gelede tydens my studies by RAU moes ons 'n aantal klasse bywoon om eksamen toelating te verkry. Ons vriend Andrew het daarmee gesukkel aangesien hy saans erg gekuier het. Ons het hom op 'n kritieke dag saamgeneem na die Etiek klas toe, omdat hy nie eksamen toelating sou verkry as hy daardie dag sou misloop nie. Hy het op die vloer gelê tot sy naam genoem was. Hy het sy hand bokant die tafel uitgelig en geantwoord: "present but horizontal". Ons het geskater van die lag en besef dit beteken nie veel nie.

Ons is soms in die doen eerste teenwoordig, maar nie regtig daar nie. Ons gee geld, maar doen self niks nie. Het 'n opinie maar daag nie op, op die impakvolle tye nie. Ons moet oefen om werklik teenwoordig te wees. Nie uit opdrag of gewete nie, maar met hart en siel. Dit is wat liefde doen. Jy doen meer as om net jou hand op te steek.

Jy kyk, jy luister en jy hoor met die liefdeshart van God binne jou, om ander om jou se nood en gebrokenheid met God se liefde nie net raak te sien nie, maar te dien en eerste te doen.

Die lewe van Job is verander toe hy vir sy vriende begin bid het. Job 42:10 [nlv] En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

Ons kan verwag dat ons lewens getransformeer sal word wanneer ons INVLOEDRYK liefde begin doen, deur werklik nie net waar te neem nie, maar toe te tree. Nie die "goedkoop" "ek bid vir jou" nie.

I used to want to fix people, but now I just want to be with them. Bob Goff

Gebed:

Here help my deur U Gees om nie net my hand op te steek nie, maar 'n impak te maak deur te doen! Amen.

Liefde Doen:

Vra die Here by wie moet jy gaan teenwoordig wees, omdat hulle meer as net 'n "ek bid vir jou" nodig het.

DOEN EERSTE

Jak 2:19-20 [nlv] Dink jy steeds dis genoeg om net te glo dat daar een God is? Wel, die demone glo dit ook – en hulle sidder, so bang is hulle! Jou dwaas! Wanneer gaan jy eendag besef dat geloof wat nie dade word nie, nutteloos is?

Soms is my gevoel dat die kerk in die algemeen goed doen met die "Ek Glo" gedeelte, maar minder goed vaar met die "ek doen" gedeelte. Ek moet nie net glo in Hom wat my deur Sy liefde gered het nie, maar ek moet doen wat Hy my beveel om te doen. Om INVLOEDRYK te lewe en die wêreld om ons raak te leef, moet daar momentum vanuit ons lewens plaasvind.

Ons kan nie bely dat God liefde is en dink dat Hy anders as Sy wese in en deur ons sal werk nie. Ons moet liefde word om liefde eerste te kan doen. Mense wat liefde word, doen dit. Hulle neem pragtige patrone van INVLOEDRYK doen vir hul lewens aan. Hulle vul hul lewens met praktyke en gewoontes wat liefde, aanvaarding, genade, vrygewigheid en vergifnis kommunikeer.

Mense wat liefde word, herhaal hierdie aksies so dikwels dat hulle nie eers besef dat hulle dit meer doen nie. Dit is vir hulle net vingergeheue. Hulle het niemand nodig om vir hulle hande te klap nie. Hulle het nie bekragtiging nodig vir dinge wat hulle weet inherent reg, waar en mooi is nie. Hulle het nie al die toekennings nodig wat met erkenning gepaard gaan nie. Hulle voel ook nie 'n behoefte om mense te kritiseer wat 'n paar dinge verkeerd gekry het, of 'n paar suur akkoorde in hul lewens getref het nie. Hulle bly beweeg en doen. Niks stop hulle nie, want liefde wat doen kan nie gestop word nie. Die kruisdood kon dit nie regkry nie.

Ek het altyd gedink om 'n gelowige te wees, was genoeg, maar nou weet ek dat Jesus wil hê ek moet deelneem, maak nie saak in watter toestand ek is nie.

Gebed:

Here help my dat liefde, eerste doen, die ritme van my lewe word asseblief. Amen.

Liefde Doen:

Waar kan ek intensioneel ritmes van doen aan die gang sit in my lewe?

INVLOEDRYK – LIEFDE DOEN

DOEN EERSTE

Hand 20:35 [nlv] Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Daar is ’n vreugde en ’n vervulling en ek wil by sê: “’n heel word” deur eerste te doen. Daar is iets in die momentum van ’n INVLOEDRYKE lewe wat nie net vervulling bewerk nie, maar lewensvreugde!

Daar is min dinge wat soveel energie losmaak as mense wat stap en ander eerste groet, mense se lewens raak leef, aksie neem en trajekte van ander se dag en lewens verander. Die woorde waarna in die gedeelte van Jesus verwys word, praat van ’n nuwe manier van lewe. Ek haal die Engelse vertalings moontlikhede aan omdat dit omskrywend is (happy, to be envied, and spiritually prosperous—with life-joy and satisfaction in God’s favour and salvation, regardless of their outward conditions)

Dit is ’n manier van lewe wat God se hart en wese aan mense om ons sal openbaar. Die “Saliger om te gee” het dan ’n INVLOED nie net op my nie, maar op die atmosfeer om my en die lewens wat deur my eerste doen, geraak word.

Ons kan deur eerste te doen ons lewenswêreld transformeer en ’n gemeenskap, een vir een, dag vir dag, om ons raak leef met die liefde van God.

Memoriseer genade!!

Gebed:

Here, hier is my lewe, my hande, my voete en beslis my hart! Gebruik my en doen in en deur my eerste!

Liefde Doen:

Kies ’n persoon, ’n gesin, ’n projek en meld aan en doen!